Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 03 Jul 2019
Page: 6

AVE: 19041.34
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Sport

Te min vroue in SA spanne, toon studie

Rikenette Steenkamp van die Universiteit van Pretoria het 'n studie gemaak van Suid-Afrikaanse atletiekspanne se samestelling en meen meer vroue moet ingesluit word. Foto: REG CALDECOTT

Wilhelm de Swardt

Die vraag wie op die oomblik werklik Suid-Afrika se vroue-atletieksterre en rolmodelle is, is moeiliker om te beantwoord as wat sportliefhebbers mag dink.

Die eerste naam wat opkom, is dié van Caster Semenya, en om vanselfsprekende redes.

Diegene wat atletiek volg, sal Sunette Viljoen (spiesgooi) en Wenda Nel (400 m-hekkies) uitsonder, hoewel hul loopbane moontlik einde se kant toe staan.

Daar is baie atlete wat plaaslike rekords breek en titels wen, maar die werklikheid is dat die vertonings meestal nie eers 'n rimpel in die internasionale atletiek-arena veroorsaak nie.

Baie hoop word gevestig op die vertonings van Zeney van der Walt wat oor die afgelope drie jaar gedurende die IAAF se Jeug (o.18) en Junior (o.20) Wêreldbyeenkomste wêreldtitels in die 400 m-hekkies gewen het.

Daar word ook gehoop dat Carina Horn (100 m), Rikenette Steenkamp (100 m-hekkies) en Dominique Scott (langafstande) binnekort groot internasionale deurbrake sal maak.

Die probleem in Suid-Afrikaanse vroueatletiek word duideliker as daar gekyk word na die samestelling van die nasionale spanne.

Vir die Wêreldkampioenskap later vanjaar in Doha is daar voorlopig net drie vroueatlete – Semenya, Van der Walt en Scott – wat reeds gekwalifiseer het, terwyl 27 mansatlete sover oorweeg word.

Dit beteken dat 10% van die span vroue is – wat 'n kommerwekkende tendens is.

Steenkamp, wat pas haar meestersgraad aan die Universiteit van Pretoria verwerf het, se studies het onder meer gefokus op leierskap, rolmodelle en die faktore wat tot geslagsongelykheid in vroueatletiekdeelname bydra.

Een van die aspekte waarop sy gefokus het, is die samestelling van Suid-Afrikaanse senior nasionale atletiekspanne van 2007 tot 2018. Die statistieke vertel nie 'n mooi storie nie.

Oor dié tydperk het 306 atlete Suid-Afrika verteenwoordig waarvan 228 mans en 78 vroue was – dit beteken 74,6% van die span is mans en 25,4% vroue.

Die min vroue wat gekies is, het verbasend goed gevaar. Van 2007 het die mans 22 medaljes gewen en die vroue 18 medaljes. 'n Afleiding wat dus gemaak kan word, is dat meer Suid-Afrikaanse vroue op senior vlak die geleentheid moet kry.

Steenkamp se studie beaam dat daar genoeg talent is, maar dat daar geen spesifieke strategiese plan in plek is om jong talentvolle meisie-atlete vir die sport te behou en ontwikkel nie. Een van die bekommernisse is die groot aantal atlete wat ná skool wegval, veral in die tradisionele groot Pretoriase skole.

Steenkamp skryf dit daaraan toe dat atlete dikwels te vroeg onder druk geplaas word om te presteer. Volgens haar gebeur dit dikwels dat o.15-atlete beter presteer as ouer atlete, tussen die ouderdom van 16 en 18. Die fokus van skole-atletiek is beslis nie om atlete op senior vlak op te lewer nie.

"Die moeilikste tyd vir enige jong atleet is die oorgangsjare van meisie na vrou. Ongelukkig is dit dan juis wanneer hulle die hardste deur afrigters gedruk word. Die volgende moeilike fase is die eerste twee jaar ná skool.

"Die besluitnemers in Suid-Afrikaanse atletiek sal 'n stelsel in plek moet kry wat atlete gemotiveerd sal hou," sê Steenkamp.

"Dit moet regverdig en deursigtig wees. Daar moet besin word oor watter atlete deur die federasie ondersteun word. Tans kry die atlete wat dit die minste benodig die meeste ondersteuning terwyl die wat op die drumpel van 'n deurbraak mag wees aan hul eie lot oorgelaat word."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.